# NUUS Krummels



"Waar is jy?"

Gelowiges. Inc.

OORGEE OMGEE AANGEE

Lourensrivier-Strand

19 Maart '26

# Voorbidding

**Voorbidding:**

- Doempie Steyn
- Deon Dixon
- Langie Langenhoven
- Esmarie Terblance
- Chris Bester
- Gideon Theart
- Anton le Roux
- Die de Beer familie
- Johanna van Greunen
- Erica Thesner - Kotze
- Annalien Volschenk

- Ons hart gaan uit na alle ander siekes en anonieme gebedsversoeke.
- Spesiale voorbidding vir Huis Jan Swart se inwoners en personeel.
- Aan almal wat die afgelope tyd 'n geliefde aan die dood moes afstaan. Ons harte voel saam met julle seer. Ons bid dat God se troos, vrede en liefde julle sal omvou en versterk in hierdie moeilike tyd.
- Bid asseblief vir die haweloses.

# Koffie Tee

*Kom en geniet 'n koppie Koffie/Tee saam met ons elke Sondag na die Erediens in die ingangsportaal, en gesels met ou bekendes en maak nuwe vriende.*



***Koffie = Konneksie***

**Ons nooi julle hartlik uit om saam met ons in gebed te tree voor die Erediens in die Gebedskamer.**
**Elke Sondag 08:30 - 08:55**

# Vrae wat die Here vra

Ons peper mos graag die Here met vrae: Hoekom Here? Hoe lank nog? Wanneer Here? Waar is U? Het U my vergeet? Luister u nie meer na my nie? Ek is seker jy ken dit baie goed. Of ons vra vir mekaar of onsself vrae oor die Here net soos Asaf in Ps. 77: Sal die Here vir altyd verstoot en nooit weer genade betoon nie? Het daar vir altyd 'n einde gekom aan sy trou? Geld sy beloftes dan glad nie meer nie? Het God vergeet om medelye te hê?

Het Hy in sy toorn sy ontferming onttrek? Ek is seker jy ken dít ook maar alte goed. Al hierdie vrae het my daaraan laat dink dat die Here sekerlik ook vrae het vir ons. In die Bybel is daar heelwat en ek glo Hy vra daardie selfde vrae nog steeds vir ons ook en ek is nie altyd gereed of bereid om te antwoord nie! Ek dink bv. aan Job wat baie vrae gehad het en toe die Here hom antwoord, toe is dit met 'n rits vrae – moeilike vrae. Lees dit gerus vanaf Job 37. Job moes die aftog blaas en erken: "Ek is nie opgewasse teen U nie. Hoe sou ek U kon antwoord? Ek sal liewer stilbly. Ek het gepraat, maar ek kon nie 'n antwoord vind nie, ek het weer geprobeer, maar nou sal ek stilbly." (Job 39:37-38) Baie van die Here se vrae is retoriese vrae. Die antwoord lê reeds in die vraag, dis voor die hand liggend, Hy vra die vraag, maar verwag nie eintlik 'n antwoord nie, Hy verwag eerder dat die vraag ons moet laat dink en besin. Het jy al agtergekom dat Jesus baie keer vrae wat aan Hom gevra is, met 'n teenvraag geantwoord het? Dit lyk vir my asof Jesus met Sý vrae ons wil lei om ons harte te ondersoek, om standpunt in te neem, om ons sondes en foute te besef, om ons te laat terugdraai na Hom.

As mens die Evangelies lees en bedag is daarop, dan is dit opvallend hoeveel vrae gevra word. Hulle sê in die Evangelies is daar 307 vrae wat Jesus gevra het. Ek het dit nie getel nie, ek glo maar wat "hulle" sê! Iets wat ek nou begin doen het, is om die Evangelies te lees en elke keer as Jesus 'n vraag stel, dan stop ek daar en antwoord eers die vraag asof Hy dit nóú vir my persoonlik vra. Die meeste daarvan ís vrae wat Hy vir ons ook kan vra en wat nóú op ons van toepassing is. As jy dalk sulke vrae in die Bybel teëkom, laat toe dat die vraag jou ontmoet waar jy op die oomblik in jou lewe is, waarmee jy vandag worstel, wat jy nou dadelik nodig het. Antwoord uit jou hart uit en kyk hoe dit dalk jou ingesteldheid kan verander, hoe dit jou siening van die Here en van mense kan beïnvloed, hoe dit jou geloof kan versterk.

***"Waar is jy?"*** (Gen. 3:9) Dis die heel eerste vraag wat die Here vra. Die Here soek na Adam en Eva, nie omdat Hy nie weet waar hulle is nie, maar omdat Hy weet dat hulle vir Hom wegkruip en Hom vermy en Hom eintlik nodig het om hulle te help. As die Here vandag vir jou vra: Waar is jy? Waar gaan Hy jou kry? Êrens op jou eie pad? Alleen en verlate? Op plekke waar jy nie veronderstel is om te wees nie, waar niemand anders mag weet waar jy is nie? Besig met verkeerde dinge? Of gaan Hy jou vind besig om jou medemens te help, soos die barmhartige Samaritaan, of besig met jou eerlike dagtaak soos die vissermanne langs die See van Galilea, besig om jou gesin te versorg soos Marta, besig om Sy Woord en liefde te deel soos Petrus? Of gaan Hy jou dalk vind langs die sterfbed van 'n geliefde, soos Lasarus se familie, of op jou siekbed in afwagting van 'n wonderwerk, soos die man by die bad van Bethesda, of uitgewerp soos die besetene in Kapernaum? Of gaan Hy jou dalk op jou knieë vind waar jy jou hand uitsteek om aan die soom van sy kleed te raak of in 'n skare gereed sit om te luister na sy leringe? Weet vir seker dat daar nie 'n plek is waar die Here jou nie kan raaksien nie.

Jy kan nie vir die Here wegkruip nie. Hy sal jou altyd weer kom soek en kom haal en kom help. Hy sal 99 skape los om jou te kom roep: waar is jy? Ons is dalk verlore, verdwaal en skaam soos Adam en Eva oor dit wat ons aangevang het, maar hoor vanaand dat die Here na jou kom soek en vra: My kind, waar is jy? "Waarheen sou ek vlug om aan u teenwoordigheid te ontkom? Klim ek op na die hemel, is U daar, gaan lê ek in die doderyk, is U ook daar. Vlieg ek na die ooste, of gaan woon ek in die verre weste, ook daar lei U hand my, hou u regterhand my vas." (Ps. 139:7-10)

Geleen ~ Wilna - www.heuning.co.za



# 16-18 Oktober '26

Save the Date · Save the Date · Save the Date ·

**Gemeente Kamp!**

**Almal baie welkom**
**Skakel asb. die kerkkantoor indien jy belangstel om saam te kamp**

**Kampterrein:** Khomeesdrift buite Riviersonderend
**Karavane:** Ja
**Krag:** Nee

# KENNISGEWING!

## *Baie Belangrik*



1. **Gaan soek jou Bybel**
2. **Stof hom af**
3. **Bring hom die komende Sondag saam!**
4. **Bring jou leesbril ook saam!**
5. **Jy gaan nou self uit jou Bybel lees tydens die Erediens**

NGK Lourensrivier - Strand

# FeesMark

## 23 October - 7 November '26

***Het jy al aansoek gedoen om die jaar by ons Mark uit te stal?***

Ons is opsoek na uitstallers wat Goeie Kwaliteit, Handgemaakte Produkte, asook Unieke Items maak om by ons Mark uit te stal.

Vir 'n aansoekvorm, stuur gerus 'n e-pos na:
lourensrivierfeesmark@gmail.com of
gaan na ons webblad en laai al die nodige dokumente af



# Snuffel MARK



## 25 Maart @11:30

**Of jy nou op soek is na klere, bykomstighede of dekor, jy sal dit hier vind. Ons nooi almal uit om 'n fantastiese versameling tweedehandse skatte te kom verken. Kom loer gerus in en ontdek ons versameling tweedehandse items.**
**Begrotingsvriendelik: Spaar groot!**
**Kom sluit by ons aan—jy sal nie spyt wees nie!**
**Ons kan nie wag om jou te sien nie!**




As jy kaste reg pak, huis op pak, items wil weg gee....skenk dit asseblief vir die kerk se Snuffelmark. Die items word sorteer en die laaste Woensdag van elke maand, teen kosprys verkoop. Kom gee dit gerus af by die Kerkkantoor tydens kantoorure. Skenkings is welkom: klere, meubels, skoene, gordyne, komberse, kussings, kinderspeelgoed, kombuisware, bekers, koppies, pierings, skildery, en vele meer.


Elke einde van die Maand is daar 'n groep dames wat fluks werk om geskenkde doedere uit te sorteer en verkoop.

Baie dankie aan elkeen van julle vir julle harde werk, toewyding en ondersteuning gedurende die afgelope jaar. Dit was 'n tyd van groei en nuwe geleenthede, en sonder elke individu se bydrae sou ons nie ons doelwitte kon bereik nie.

Ons is nie net 'n span nie, ons is 'n familie: 'n groep dames wat saamwerk, mekaar ondersteun en altyd bereid is om daardie ekstra tree te gee. Elkeen bring unieke idees en energie na die tafels. Met julle positiewe ingesteldheid het ons 'n suksesvolle jaar gehad.

Mag ons hierdie momentum saam met ons vat in 2026 met dieselfde passie, trots en span-gees. Weereens, opregte dankie aan elkeen van julle - julle maak hierdie span besonders.

# SnuffelMARK


























# SnuffelMARK

## Die SnuffelMark dames het “Kersfees in Februarie” gehou













**Dankie vir elkeen se hulp gedurend die laaste jaar**
**Ons is ‘n span “1000"**

**Wil jy graag iewers 'n verskil maak?**
**Huis Jan Swart het altyd hulp nodig.**
**Die inwoners benodig gereeld die onderstaande items.**
**Julle is welkom om dit direk by HJS af te lewer of by die Kerkkantoor.**
**Skakel Bernice by die Kerkkantoor vir meer inligting: 021 853 5991**

Inwoners in Gange:

- Seep (verkieslik wit seep)
- Tandepasta
- Tandeborsel
- Roll-on
- Shampoo
- Waslap

HJS
**Huis Jan Swart**



Sorgafdeling Inwoners:

- Seep (verkieslik wit seep)
- Tandepasta
- Tandeborsel
- Roll-on
- Shampoo
- Waslap
- Lyfpoeier
- Lyfroom (Aquas cream)
- Prep

***Watter soort "papier" was in Bybeltye beskikbaar?***

▪ Die vraag ontstaan na aanleiding van iets wat die Bybelskrywer Johannes gesê het: "Hoewel ek baie het om aan julle te skryf, wil ek dit nie met papier en ink doen nie."—2 Johannes 12. Die Griekse woord char'tes, wat hier met "papier" weergegee word, verwys na papier wat van papirus, 'n waterplant, gemaak is. Een naslaanwerk beskryf die tegniek wat gebruik is om velle skryfmateriaal van die stingels van hierdie plante te maak, soos volg: 'Stingels, waarvan party drie meter lank was, se buitekant is afgestroop en dan in dun repies gesny en aanmekaargelym om velle te maak. Hierdie velle is bo-op mekaar gelym sodat die grein 'n hoek van 90 grade ten opsigte van mekaar gevorm het; daarna is dit met 'n houthamer geslaan en laastens met 'n skraper gladgestryk.'

Argeoloë het talle eertydse papirusdokumente in Egipte en in die gebied om die Dooie See gevind. Sommige van die skriftuurlike papirusdokumente wat in hierdie gebiede gevind is, dateer uit die tyd van Jesus of selfs vroeër. Dit was heel moontlik die materiaal waarop briewe in die Bybel, soos dié van die apostels, oorspronklik geskryf is.

Rapha
VROUEGROEP

Ons nooi al die Dames hartlik uit om by Rapha Vrouegroep aan te sluit.
Ons kom elke 2de Maandag - aand in die Kerk se Gebedskamer bymekaar om 17:30.

Sakel gerus vir:
Carla Briedenhann - 083 643 0653 of
Karin Kuys - 083 643 0653 vir meer inligting

**Die Ruimte Sentrum**

in Millsstraat 96,
verkoop weer weekliks **heerlike druiwe**,
vars afgelewer vanaf De Doorns.

Vanaf:
Donderdag, 19 Maart 2026.
Koste: R120.00 vir 3.5kg



*Plaas asseblief u bestelling teen Dinsdae17h00 vir afhaal op Donderdae, vanaf 8:30*

*Skakel Marinda / Gerda by 021 - 854 8234*

EVANGELISM EXPLOSION

**DEEL JOU GELOOF**

# Evangelie Getuienis Seminaar

## Prakties! Effektief! Dinamies!

'n 'Handige' benadering om vriendskappe te bou, die GOEIE NUUS te deel ...en jou geloofsgemeenskap te help groei...

Leer verstaan en deel die verlossingsboodskap van Jesus eenvoudig, vrymoedig, kort en kragtig met geliefdes en vriende – maak 'n ewigheidsverskil!

## Lourensrivier NG Kerk

**H/v Broadway Blvd & Da Gamastrate, Strand**

**Saterdag 9 Mei 2026 08.00–13.00**

Semiaarfooi: Persoonlike liefdesoffer, opwindende seminaar-, uitreikmateriaal & verversings

Bevestig asb. jou en vriende se plekke nie later nie as Wo. 6 Mei. by

**Retha 072 510 8808**

Gelowiges en vriende van alle gemeenskappe is hartlik welkom



# TONGKNOPER:

Fuzzy Wuzzy was a bear,
Fuzzy Wuzzy had no hair,
Fuzzy Wuzzy wasn't very fuzzy,
was he?

Theophilus Thistle, the Thistle Sifter,
Sifted a sieve of unsifted thistles.
If Theophilus Thistle, the Thistle Sifter,
Sifted a sieve of unsifted thistles,
Where is the sieve of un-sifted thistles
Theophilus Thistle, the Thistle Sifter, sifted?

A fly and flea flew into a flue,
said the fly to the flea 'what shall we do?'
'let us fly' said the flea
said the fly 'shall we flee'
so they flew through a flaw in the flue.

My liewe neef Louw
My neus jeuk nou.
Jeuk my liewe neef Louw
se neus ook nou?

WHAT'S UP?

# NG Gemeente Die Strand

LET'S DO this

## VRYDAGAAND 20 MAART

BEEF (150G PATTIE)

## BURGERS



**R35**

Beskibaar:
18:00-19:00

Kaartjies beskikbaar by die kerkkantoor

**KOOP JOU KAARTJIE**
**083 397 1455**

vuur word 17:00 aangesteek en vars gebraai

NG GEMEENTE Die STRAND

---

TEMA: OP DIE SEE

# NG Kerk Die Strand

Alle matrose en seerowers welkom!
Klim aan boord en kom vaar saam met ons na 'n dag vol pret, kos en kuier!
28 Maart 2026 Deure open om 09:00
Die Klereboetiek en Witolifant-tafel is reeds oop vanaf 07:00 –
vroeg-op-voëls; hierdie een is vir julle!
Moenie die vaart misloop nie - die anker lig vroeg!

Birkenheadstraat 40

NG GEMEENTE Die STRAND




**Registration now open for the 2026 Walking with Wounded Children Course (De Doorns)**

**REGISTRATION CLOSES 3 APRIL 2026 (MAX 20 PARTICIPANTS)**

Please visit our website to learn more and enroll: www.petra.co.za/courses/walking-with-wounded-children-de-doorns-2026

## Dates: 26 April to 8 May 2026
## Location: Petra Institute, De Doorns (Western Cape)

This course is designed to equip children's workers to work with emotionally wounded children on a very fundamental level. During the course, each participant sees a child five times under the supervision of the course facilitators.

**We strongly believe that the relationship between the helper and the child is key to healing.**

Here is what Jurita Saayman (Honours in Psychology and a Master's in Pastoral Care) has to say about Walking with Wounded Children:

"***The fact that the whole model is compiled against the background of academic information, makes it stand alongside academic education. It's well-founded, it is based on sound principles, it does not stand back to any academic course – to tell the truth, after these two weeks, I feel that well equipped because I can use what I have learned.***"

Applicants must currently be involved in children's ministry and fluent in English.
No previous psychological/counselling training is required, but it will be advantageous.

#PetraInstitute #DeDoorns #WesternCape #ChildrensMinistryCourse #HealingHearts #ChildCounselling #TraumaRecovery #ChildhoodTrauma

## CONSIDER THIS ALPHABET

A lthough things are not perfect
B ecause of trial or pain
C ontinue in thanksgiving
D o not begin to blame
E ven when the times are hard
F ierce winds are bound to blow
G od is forever able
H old on to what you know
I magine life without His love
J oy would cease to be
K eep thanking Him for all the things
L ove imparts to thee
M ove out of "Camp Complaining"
N o weapon that is known
O n earth can yield the power
P raise can do alone
Q uit looking at the future
R edeem the time at hand
S tart every day with worship
T o "thank" is a command
U ntil we see Him coming
V ictorious in the sky
W e'll run the race with gratitude
X alting God most high
Y es, there'll be good times and yes some will be bad, but...
Z ion waits in glory ... where none are ever sad

Geleen: www.heuning.co.za


Lifeline Jeug
Ons nooi elke hoërskool leerder uit
om die Sondag aand,
17:30 - 19:00 saam met ons te kom lofprys
en in 'n lewende groeiende verhouding
met die Here te leef!!
WhatsApp Attie vir meer inligitng:
079 442 2230

# Onthou!

**Hou aan om plastiekdoppies en brood “tags” te versamel.**
**Jou bietjie, maak ‘n verskil in iemand se lewe.**
**Laai asb. af by die Kerkkantoor.**



Lourensrivier-Strand

# Dinamiet Kiedz en Beloftelanders

**Ons nooi al die Gr. RR tot Gr. 7 leerders hartlik uit om die jaar by ons aan te sluit. Kom leer saam met ons oor die wonder van Jesus en hoe om diensbaar te wees.**

**Sondag om 09:00.**
**Ons kom eers in die kerk bymekaar en sal dan na die saal verdaag.**

**Bring gerus ‘n maatjie saam.**
**Skakel asb. vir Tannie Karin vir meer inligting: 083 653 0654**

**1ste Kwartaal**
Sondag 22/03 - Les 8

# Lourensrivier-Strand Aanbidding en Barmhartigheidsbediening

## Projekte vir die res van 2026:






Skenking van Seep, Roll-On, Shampoo, Tandepasta en Tandeborsels.
Skenkings dwarsdeur die jaar welkom




Skenking van mussies, serpe en komberse vir bejaardes. Ontvang teen Junie 2026

**Operasie 6060**

Skenking van nie-bederfbare produkte vir kospakkies vir gesinne deur die feesseisoen. Hierdie projek is deurlopend deur die jaar en talle gesinne & enkellopendes word ondersteun uit die Koskas - deel van die Operasie 60/60 projek waar skenings dwarsdeur die jaar gemaak kan word.




*As jy graag jou hande besig wil hou... begin dan solank om Musies, Serpe en Komberse te Hekel/Brei vir ons* ***Winterwarm in Julie Projek***

Jy kan ook jou **Dankoffer en Bydrae**s vir die gemeente deur die ZAPPER selfoon toepassing gee.

**Bank inligting:**

Lourensrivier Gemeente ABSA (Strand)

Takkode: 334-312

Reknr.: 420 580 231

Verwysing: naam en van

e-pos aan: fin@lourensrivier.co.za

zapper™ pay with MasterCard VISA and many more

www.zapper.com

scan to pay this bill

Kontak die kerkkantoor om in te skakel, of vir meer inligting: 021 853 5991

**RAPHA VROUE**

Elke tweede Maandag.

**SENIOR MANNE**

Woensdae 08:30 voor in kerk

**VROUEGROEP**

Woensdae 09:00 in die gebedskamer

**MANNEGROEP**

Vrydae 05:30 in die Konsistorie

**Kontak ons gerus : 021 853 5991**

Predikant: Ds. Derick Boonzaaier

derick@lourensrivier.co.za

**Admin kantoor-ure**

Maandag: 09:00 - 14:00

Dinsdag - Donderdag: 08:00 -14:00

Vrydag: 08:00 -13:00

Skriba: admin@lourensrivier.co.za

**Finansies kantoor-ure**

Maandag: 09:00 -12:30

Dinsdag - Vrydag: 08:00 -12:30

Finansies: fin@lourensrivier.co.za

**Gemeente-Webblad**

https://lourensrivier.co.za/

**BESOEKERS / NUWE LIDMATE**

In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou besonderhede kan aanteken.

As jy 'n **GEBEDSVERSOEK, of 'n HUISSBESOEK VERLANG,** vul dit ook in die boekie in.

Of stuur jou navraag/versoek na admin@lourensrivier.co.za

Kontak Ds. Derick direk vir enig besoeke of afsprake 082 333 6012

Stoor (save) asb. die nommer op jou selfoon - anders kan jy dalk nie die boodskappe kry nie

***Lourensrivier-WhatsApp Groep***

Stuur 'n WhatsApp met jou naam na

Ds. Derick: 082 333 6012 of

Lémari: 082 692 9086

as jy op die kerk se WhatsApp groep wil wees.

Lourensrivier-Strand

# ONDERSTEUN asb. PLAASLIK voordat daar niks meer PLAASLIK is om te ondersteun nie.

Shop Local

**MSA**
MARIUS STENEKAMP
ATTORNEYS

Unit 2, Little Greece
George Str, Strand
P.O. Box 1170, Strand, 7139
Tel: 021 837 1235/6
Fax: 086 274 2003
Cell: 084 448 4429
marius@stenekamp.co.za
www.stenekamp.co.za

**Secure SE**
FIRM. FIXED. SAFE
Secure SE Pty Ltd
Reg.no. 2019/270620/07 | PSIRA no. 4606196
stephan@securese.co.za
084 499 5858
www.securese.co.za
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

**CAM LIVE VISION**
FOR ALL YOUR MONITORING AND SECURITY NEEDS
Cam Live Vistion Pty Ltd
Reg.no. 2010/003490/07 | PSIRA no. 2185751
info@camlivevision.co.za
021 851 6023
www.camlivevision.co.za
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

**Blue Crane Funerals**
For all your funeral arrangements.
Vir al jou begrafnis reëlings.
TEL: (021) 853 3952
10 Gordons Bay Road, Strand
info@bluecranefunerals.co.za
www.bluecranefunerals.co.za

**VOLANTRA ORBITAL**
The power to protect
Volantra Orbital Pty Ltd
Reg.no. 2014/183888/07 | PSIRA no. 2707006
info@volantra.co.za
021 851 6023
www.volantraorbital.co.za
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

**Flaméros®**
CHICKEN GRILL
187 Main Road, Strand
021 854 7774

**FTH ACCOUNTANTS**
The name you can ACCOUNT on
Floris Ter Haar
Professional Accountant (SA)
SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF PROFESSIONAL ACCOUNTANTS
Tel: 021 853 4266
Cell: 082 741 7076
Fax: 088 021 854 5741
E-mail: floris@fthacc.co.za
20 Conradie Street
Strand, 7140
Skype: fterhaar

**HELDERBERG HBP BUILD & PAINT**
CHAPPIE JACKSON (STUART)
info@hbp-group.co.za • 082 872 6830
www.hbp-group.co.za

Het jy hulp nodig om finansiële sekerheid te kry?





Willie Fourie
Senior Finansiële Beplanner
021 853 2179
082 468 1099
admin@arcani.co.za

Ek kan jou behulpsaam wees met:
- Finansiële beplanning
- Lewensdekking
- Ongeskiktheidsdekking
- Spaar en beleggings
- Aftreebeplanning
- Spaar vir opvoeding

Sanlam Lewensversekering Beperk is h gelisensieerde lewensversekeraar, h gemagtigde verskaffer van finansiële dienste en h geregistreerde kredietverskaffer (NCRCP43).

Sanlam
Lewe met sekerheid